# LAERSKOOL SONOP

Waar die SON OP almal skyn!

## LAERSKOOL SONOP - GEDRAGSKODE VIR LEERDERS EN OUERS – 2025

Die ouer(s)/voogd(e) van leerders moet toesien dat hulle (hy/sy) aan die begin van die nuwe skooljaar – indien dit nog nie voorheen voltooi is nie - ’n **vrywaringsbrief** vir ekskursies, toestemming vir die behandeling van ’n beseerde leerder, ’n verklaring insake die gedragskode van leerders en ouers, die skool se selfoonbeleid, sowel as die beleid oor bullebakkery en kuberbullebakkery (boelie) onderteken het. **Ouers en voogde moet verder kennis neem van alle beleide, omsendskrywes, nuusbriewe en ander tersaaklike, skoolverwante inligting wat op die skool se kommunikasieplatvorms (hoofsaaklik W App, Facebook) en ander gekommunikeer word.**

### OUERS SE ROL

**ALGEMEEN:**

1. Neem asseblief deeglik kennis van die skool se gedragskode en moedig u kind aan om dit te onderhou.
2. Verseker u kind se gereelde en stiptelike skoolbywoning
3. Voer gereeld gesprekke met u kind oor sy/haar skooldag. Kinders het altyd die behoefte om gebeure by die skool met u te deel.
4. Leer u kind se opvoeder ken. ’n Goeie ouer-opvoederverhouding verseker ’n gelukkige kind. Poog egter om, indien u op ’n Whats App-groep in graad- of klasverband is die gesprekke skoolgerig te hou.
5. Versterk leer tuis deur u kind se huiswerk na te gaan, selfs al is hy/sy by ’n nasorgsentrum.
6. Wees betrokke deur sy/haar akademiese en buitemuurse aktiwiteite te ondersteun.
7. Luister met ’n oop gemoed na u kind en die opvoeder. Waak daarteen om bevooroordeeld te wees en soek altyd na ’n wen-oplossing.
8. Leer u kind(ers) om positiewe oplossings vir probleme wat hulle daagliks in die skool beleef te vind en om konfrontasie sonder geweld te hanteer. Boeliegedrag word ten sterkste afgekeur.
9. Weerhou u asseblief daarvan om u persoonlike opinie oor ons skool, ander skole, opvoeders of gebeure by die skool op sosiale netwerke te plaas. Wees verseker dat die skool u altyd te woord sal staan indien u ongelukkig oor enige saak mag wees. Deur persoonlik met die skoolhoof, adjunkhoof, beheerliggaam of met die betrokke opvoeder te kommunikeer is die mees gepaste en effektiefste wyse om skoolsake te bespreek.
10. Ouers wat die skool besoek moet by die **hoofingang** inkom, by die sekretaresse aanmeld, die besoekersboek teken en ’n besoekerskaartjie ontvang. Geen ouer mag ‘n opvoeder gedurende klastyd of sonder ’n afspraak spreek nie.
11. Ouers of rygeleenthede moet om veiligheidsredes nie leerders binne die skoolterrein per motor op- of aflaai nie. GEEN MOTORS, behalwe dié van opvoeders, MAG TYDENS SKOOLURE OP DIE DIE SKOOLGROND WEES NIE.

**KARAKTERTRANSFORMASIE:**

1. Skerp asseblief die waarde van karaktertransformasie, wat vir ons skool baie belangrik is, by u kind in.
2. Laerskool Sonop se leerders moet leer om hoflik te groet. Nie net in die skool nie, maar ook buite die skoolterrein.

### BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE / SPORT:

**GEDRAGSKODE VIR OUERS EN ONDERSTEUNERS**

1. Moedig asseblief u kind aan om ten minste aan een somer- en wintersport deel te neem. Leerders moet sportoefeninge, gedurende die sportlesuur, getrou bywoon. **SPORTLESUUR IS VRYWILLIG EN VIND OP MAANDAE TOT DONDERDAE VANAF 13:50 TOT 15:00 VIR GR. 4 – 7 leerders plaas. GR. R – 3 SE SPORTOEFENINGE VIND NÁ HUL SKOOLVERDAGING PLAAS OF ANDERS SOOS DEUR DIE ONDERSKEIE AFRIGTERS GEREËL WORD.**
2. Maak asseblief verskoning by die afrigter indien u kind nie ’n oefening of wedstryd kan bywoon nie.
3. Die deelname aan skoolsport is primêr, opvoedkundig van aard en om leerders toe te rus met sportmanskap, selfdissipline, selfbeheersing en deursettingsvermoë.

**VEREENSELWIG U MET LAERSKOOL SONOP**

1. Ouers en toeskouers moet hulself as verteenwoordigers van die skool sien wanneer hul wedstryde bywoon of hul kinders ondersteun.
2. U word aangemoedig om die span waarin u kind speel te ondersteun, asook soveel as moontlik van die ander skoolspanne - hulle is almal net kinders.

## GEDRAG TYDENS WEDSTRYDE

1. Positiewe ondersteuning word hoog op prys gestel.
2. Ouers en ondersteuners word versoek om hulle te weerhou van negatiewe opmerkings of ongehoorde taalgebruik teenoor skeidsregters, ander beamptes, spelers of ondersteuners van die opposisie.
3. Ouers en ondersteuners word versoek om die nodige afstand vanaf die kantlyne te handhaaf en nie binne die speelveld of afgemerkte areas te gaan nie. **OUERS MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE FISIES AAN ENIGE LEERDER OF OUER RAAK NIE**!
4. Ouers en ondersteuners word versoek om hulle te hou by die reëls wat vir elke wedstryd of toernooi van toepassing is; die nodige verdraagsaamheid en respek te betoon teenoor medetoeskouers en opposisie en so optree dat hulle altyd die skool se beeld na buite sal uitdra en niks doen wat dit kan skade berokken nie.

## SPANKEUSE

1. U word vriendelik versoek om asseblief nie tydens oefeninge of met die afrigter/s se spankeuse in te meng nie.
2. Wenke wat met die regte gesindheid bedoel word, kan wel aan afrigters op die regte tydstip en plek oorgedra word.

## KOMMUNIKASIEKANALE RAKENDE SPORTAANGELEENTHEDE -

1. Ouers en ondersteuners kan enige navrae of probleme opneem met die skoolhoof of adjunkhoof.
2. Probleme kan ook met die betrokke persoon bespreek word, maar asseblief nie langs die veld OF op sosiale media nie.
3. Ernstige klagtes kan ook met die skoolhoof of andersins, met die voorsitter van die Beheerliggaam opgeneem word.
4. Ons versoek vriendelik dat daar by die gedragskode gehou word, sodat spelers en toeskouers hul sport kan geniet. Laerskool Sonop vertrou op u as ouers en voogde se heelhartige samewerking.

## LEERDERS

### GEDRAG OP DIE SKOOLTERREIN:

1. Sodra die klok lui aan die begin van 'n skooldag en teen die einde van pouses moet leerders dadelik in hulle rye aantree, stilbly en ophou eet en drink. Wanneer die tweede klok, na twee minute lui, MOET almal stil en rustig in hulle rye staan.
   Laatkommery: voor skool, by 'n klas, rye, tydens byeenkomste en vergaderings word ten strengste afgekeur.
2. Leerders mag nie die skoolterrein gedurende skoolure sonder toestemming verlaat nie!
3. Leerders mag nie items soos bv. Lekkernye en so meer van enige persoon buite die skoolterrein of oor die heining koop of ontvang nie. Dit is baie gevaarlik!
4. Leerders mag niks by die skool verkoop of daarmee smous nie, behalwe, in uitsonderlike gevalle, met die toestemming van die skoolhoof en tydens Entrepreneursdae.
5. Wanneer 'n leerder afwesig is moet dit per telefoon, WhatsApp-boodskap of brief **voor 08:00** aan die sekretaresse (041 -1100779) of opvoeder gerapporteer word.
6. Wanneer 'n leerder, ná afwesigheid, terugkeer skool toe, is hy/sy verantwoordelik vir die inhaal van verlore klas- en tuiswerk.
7. Daar mag nooit met fietse, motorfietse, rolskaatse, skaatsplanke, ensovoorts op die skoolterrein/bane gery word nie.
8. Leerders mag nie die eiendom van ander leerders neem of beskadig nie. Leerders mag nooit 'n ander leerder se tas of eiendom wegsteek nie, al word dit as 'n grap bedoel.
9. Leerders mag nie "pea shooters" of met rekkies skiet; klippe of ander voorwerpe gooi, of met stokke slaan of speel nie.
10. Leerders mag nie speletjies speel waar klere geskeur word, of waar iemand beseer kan word nie.
11. Raakrugby of ander balspele mag slegs gedurende sekere tye, <u>soos deur die skoolhoof besluit word</u>, gedurende pouses gespeel word. Geen duikrugby word pouses toegelaat nie!
12. Slegs netbalmeisies wat doel en verdediger speel mag gedurende pouse doele oefen. Die betrokke afrigter moet hiervoor toestemming gee. Seuns mag nie saam met meisies netbal speel of oefen nie.
13. Hokkie- en krieketspelers mag nie voor skool of gedurende pouses met hokkiestokke of krieketkolwe slaan nie. Niemand mag aan die hokkiedoele se raamwerk hang of daarop speel nie.
14. Geen leerder mag gedurende pouses agter die skoolsaal wees nie. Elke graadgroep moet op hulle toegekende areas op die terrein gedurende pouses wees.
15. Geen waardevolle artikels mag skool toe gebring word nie. Die skool aanvaar nie verantwoordelikheid vir waardevolle artikels wat by die skool wegraak of beskadig word nie.
16. Enige artikel wat opgetel word, moet asseblief dadelik by die sekretaresse ingehandig word.
17. Indien 'n leerder enige klagte oor 'n ander leerder het, of sien dat 'n leerder 'n skoolreël oortree, moet dit eers met die klasopvoeder of personeel op terreindiens bespreek word. Leerders mag nie mekaar direk na die skoolhoof, adjunkhoof of dissiplinêre hoof se kantoor neem nie.
18. Geen leerder mag enige sigarette, vuurhoutjies of enige ander rookgoed (dagga of bedwelmmakende middels) in sy/haar besit hê of om enige rede skool toe bring nie. Rook word ten strengste verbied. – Vape "damprook" word hierby ingesluit!
19. Geen pornografiese materiaal of alkohol mag deur 'n leerder op die skoolterrein gebring word nie. Enige leerder wat hierdie reël oortree sal swaar gestraf word en staan onmiddellike dissiplinêre verhoor in die gesig!
20. **BOELIE**: Bakleiery, afknouery, teistering, vloekery, diefstal en die aanhitsing van enige soortgelyke gedrag word ten strengste verbied.
21. Rommelstrooi, breek van plante, krap op mure en deure, beskadiging van toilette of enige vorm van vandalisme word ten strengste verbied.

22. Toilette moet te alle tye netjies gehou word. Krane moet behoorlik toegedraai word en seep en toiletpapier mag nie gemors word nie!
23. Leerders mag nie oor heinings, hekke of in bome klim nie.
24. Dit is die plig van elke leerder om ‘n bydrae te lewer tot die netheid van ons skoolterrein en nie rommel te strooi nie.

**GEDRAG EN OPTREDE BINNE DIE SKOOLGEBOU:**

1. Gedurende saalbyeenkomste word onberispelike gedrag verwag. Dit is verbode om in die saal, gedurende saalbyeenkomste te eet, praat of te fluister. Gedurende enige optrede in die saal mag daar nie gefluit of geboe word nie.
2. Leerders mag nooit in die saal of skoolgebou hardloop nie. Wanneer daar met die ruiling van klasse of andersins in die gange gestap word is dit altyd aan die linkerkant, stil en in netjiese rye. Met die in- en uitstap voor en na skool en pouses word daar wel aan beide kante van die gang gestap - steeds stil en in netjiese rye!
3. Leerders mag nooit voor skool of gedurende pouses in die skoolgebou of klaskamers wees of die skoolgebou deur die hoofingang binnekom nie.
4. Niemand mag ooit in die kleedkamers speel, raas, mekaar natgooi, of hom/haar swak gedra nie.
5. Op reëndae moet leerders stil in die gange sit, staan of loop.
6. Leerders mag nie alleen in ’n klaskamer ingaan sonder die verlof van ’n opvoeder nie.
7. Indien ’n leerder enige skooleiendom <u>met opset</u> breek, sal sy/haar ouers in kennis gestel word en die skade sal op hulle koste herstel word. Leerders mag ook nooit op skoolbanke, skoolmeubels, vloere, mure, of skooleiendom krap nie.
8. Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie.
9. Aan die begin van die jaar word alle boeke met plastiek oorgetrek, en indien nodig weer deur die jaar om dit netjies te hou.
10. Leerders wat die skool gedurende die jaar verlaat moet alle skooleiendom, soos handboeke ens. betyds terugbesorg aan die klasopvoeder.
11. Indien ’n ouer versoek dat ’n leerder om enige rede, (bv. Verkoue) nie aan L.O. mag deelneem of gedurende pouses moet uitgaan nie, moet die ouer ’n briefie ter verduideliking aan die klasopvoeder rig.
12. LO-drag is deel van skooldrag en moet deur alle leerders tydens liggaamlike opvoeding gedra word.

**VOORKOMS EN KLEREDRAG:**

1. **LET WEL**: Alle leerders woon die skool in die amptelike, voorgeskrewe <u>skooldrag van Laerskool Sonop</u> by. Geen hoede, pette of “beanies” mag gedra word nie. “Windbreakers” OF ‘n sweetpak bostuk mag SLEGS op reëndae en UITERMATIGE KOUE DAE, binne, sowel as buite die skoolgebou gedra word, met die UITSLUITLIKE VOORWAARDE DAT DIE BAADJIE MAROENKLEURIG IS. ALLE ANDERKLEURIGE BAADJIES WORD <u>TEN STRENGSTE VERBIED</u>. Hierdie “windbreakers”/warmbaadjies/sweetpak bostukke vervang BESLIS NIE ons skool se amptelike skoolbaadjie of skooltrui nie! Geen leerder mag dus ‘n warmbaadjie dra sonder ‘n skooltrui onder die warm baadjie nie.
2. Nuwe leerders mag vir ’n tydperk, soos deur die skoolhoof besluit, hulle vorige skooldrag aantrek, totdat Sonop se skooldrag aangeskaf is. Die skool beskik oor ’n klerebank.
3. Baadjies en truie se moue mag nie opgerol word nie. Hemde mag nie uithang en skoene moet vasgebind wees. Geen slordige voorkoms sal geduld word nie. Slegs maroen of swart handskoene en serpe mag op koue dae gedra word.
4. Seuns moet ‘n skoolhemp dra wat die skoolwapen op die sak het. Dit is veral belangrik gedurende die somermaande wanneer ‘n trui of baadjie nie gedra word nie.
5. Vir seuns word slegs swart, toerygskoene met veters en sonder patrone as skooldrag aanvaar. Skoolskoene se veters moet te alle tye vasgebind wees en mag onder geen omstandighede los wees en langs die kante van hul skoene ingesteek word nie.
6. Seuns dra grys, lang kouse met die skoolkleure daarop.
7. Vir die meisies word swart skoene met ‘n oorslagbandjie of wat toeryg as skooldrag aanvaar.
8. Indien ’n leerder se skoene stukkend raak mag hy\sy met die skoolhoof se toestemming, <u>vir ’n beperkte tyd</u>, die skool bywoon met ander skoene.
9. Alle klere en besittings moet duidelik gemerk wees, veral skoolbaadjies en -truie.
10. Leerders wat op opvoedkundige uitstappies gaan, moet in skooldrag geklee wees, tensy anders gereël word.
11. Geen juweliersware soos ringe, hangertjies, kettings ens. mag gedra word nie. GEEN armbande word toegelaat nie.
12. Meisies mag <u>een ringetjie of knoppie</u> aan die oorbel van elke oor dra. (slegs goud of silwer)
13. Seuns mag geen oorbelle dra nie en geen leerder se hare mag gekleur word nie.
14. Seuns se hare mag nie langer as die ore of kraag van die hemp wees nie. Seuns se hare mag in die sogenaamde “comb over”-styl gesny wees. **LET WEL: Geen vreemde, uitspattige snitte, binne hierdie styl, is toelaatbaar nie**. (Bv. ’n Lang kuif, <u>te kort</u> aan die kante of ‘ duidelike lyn of “step” nie. Seuns moet ASSEBLIEF nie hierdie vergunning misbruik nie!
15. Meisies se hare moet netjies vas wees met ’n maroen lint, “Alice band” of rekkie. Indien maroen moeilik verkrygbaar is, is swart ook aanvaarbaar. Sodra ’n meisie se kuif langer as die wenkbroue is, moet dit vasgebind word en nie agter die ore ingehak word nie.
16. Leerders mag nie tatoeëermerke of ander tekeninge op hulle liggame vertoon nie.
17. Naels moet netjies geknip wees en geen naellak of enige ander grimering word saam met skooldrag toegelaat nie

**EENVORMIGE LIGGAAMLIKE OPVOEDING KLEREDRAG (OEFENDRAG):**

Alle leerders vanaf gr. 1 tot 7 word verplig om volgens die kurrikulum, WEEKLIKS aan liggaamlike opvoeding deel te neem. Leerders word vir deelname aan LO ge-assesseer en dit MOET bydra tot u kind se Lewensvaardigheid- (gr. 1-6) en Lewensoriënteringspunt (gr. 7).

**VERPLIGTE LO - DRAG:**

**MEISIES**:

- 'n maroen broekie met geel strepie langs die kant / verpligtend
- 'n maroen of geel T-hemp (volgens atletiekkleurgroep) **OF** 'n netbal bo-stuk**.**

**SEUNS**:

- 'n maroen broekie met geel strepie langs die kant / 'n Wit rugbybroekie is nie meer aanvaarbaar nie.
- 'n maroen of geel T-hemp (volgens atletiekkleurgroep) /

**LW:** Die LO-drag is dus deel van **VERPLIGTE SKOOLDRAG** wat aangeskaf moet word en is verkrygbaar by ons leweransiers, Lorita's op Despatch en Pro-Ecclesia op Uitenhage.

**GEDRAG VAN LEERDERS TYDENS SPORTBYEENKOMSTE:**

1. By Laerskool Sonop word elkeen op die sportveld verbind tot:
    - Die ontwikkeling van die sport waaraan jy deel is.
    - Sportmanskap en positiewe gesindheid.
    - Verantwoordelikheid teenoor jou spanlede, ouers, afrigters en borge.

2. Elkeen het die reg om sport te geniet in 'n veilige en behoorlike gestruktureerde omgewing.

    - Daar moet te alle tye by die voorgeskrewe ouderdomsgroepe gehou word om spelers teen beserings en invloed van ouer leerders te beskerm.
    - Die hoogste vorm van sportmanskap moet te alle tye gehandhaaf word.
    - Leerders moet altyd in die korrekte sportdrag geklee wees vir wedstryde.
    - Spelers moet hul eie besittings en die skool se toerusting met die nodige respek behandel en in stand hou.
    - Spelers moet verantwoordelikheid vir hul optrede aanvaar en hulle hou by die reëls vir elke sportsoort.

3. Elkeen het die reg om beleefd en met respek behandel te word en die verantwoordelikheid om dit waardig te wees.

    - Spelers moet hulle verbind tot hoflikheid en verantwoordelikheid wat die waardes en standaarde van Laerskool Sonop sal uitdra.
    - Onberispelike gedrag en taalgebruik word te alle tye verwag.

**SKOOLTASSE**

1. Slegs tradisionele skooltasse word toegelaat. (Verkieslik maroen of swart).
2. Geen tas met handelsname, bv. Billabong ens. word toegelaat nie.
3. Tasse met wiele is **wel toelaatbaar**. Hierdie tasse mag nie uitspattig, helderkleurig wees nie. (Verkieslik swart en grys)

**HANDBOEKE**

1. Ouers en leerders moet mede-verantwoordelikheid vir handboeke aanvaar.
2. Alle moontlike voorsorgmaatreëls moet getref word om die lewensduurte van handboeke te verleng.
3. Handboeke moet asseblief netjies met plastiek oorgetrek word. Leerders mag onder geen omstandighede met pen in handboeke skryf nie.
4. Verlore handboeke en handboeke wat opsetlik beskadig word sal teen die aankoopprys vervang moet word.
5. Ouers onderteken aan die begin van die elke skooljaar 'n ooreenkoms dat hulle tevrede is met die aanvanklike kondisie van handboeke. Maak seker dat u hierdie ooreenkoms aan u kind se klasopvoeder terugstuur asseblief.

**SELFONE**

1. Sien asseblief die selfoonbeleid waarvoor u aan die begin van die nuwe skooljaar geteken het.
   Selfone moet verkieslik by die huis gelos word.

**ALGEMENE REëLS**

1. Die volgende leerderoortredings word ten strengste verbied en mag lei tot dissiplinêre verhore, skorsing of permanente uitsetting.
    - 1.1 Rassistiese, seksistiese en diskriminerende opmerkings en gedrag;
    - 1.2 Bedrog, soos vervalsing van dokumente, eksamenbedrog en ander soortgelyke oortredings;
    - 1.3 Besit en verspreiding van pornografiese of rassistiese materiaal; of die kyk en/of aflaai daarvan op enige rekenaar of selfoon by die skool of tydens skoolaktiwiteite;
    - 1.4 Seksuele misbruik (teistering van medeleerders);
    - 1.5 Seksuele wangedrag (soos ontbloting);
    - 1.6 Dreig van medeleerders of opvoeders;
    - 1.7 Betrokkenheid by bendeverwante aktiwiteite;
    - 1.8 Besit van gevaarlike wapens;
    - 1.9 Besit van dwelms, sigarette, vapes of alkohol;
    - 1.10 Aanranding van opvoeders, terrein- en administratiewe personeel of leerders, hetsy fisies of emosioneel.

2. Daar word verwag dat leerders ons skool se naam ook buite die skoolterrein sal hoog hou.
3. ’n Leerder wat skuldig bevind word in ’n kriminele hof sal onmiddellike skorsing/uitsetting in die gesig staar.
4. Noue skakeling tussen ouers en opvoeders moet plaasvind. Ouers sal dadelik in kennis gestel word wanneer ‘n leerder hom \ haar **herhaaldelik** swak gedra in die klas, op die speelgrond of in enige skoolverband. Detensie sal volg.
5. Herhaalde oortredings van die gedragskode sal lei tot ’n dissiplinêre verhoor deur die dissiplinêre komitee.

M.J. KLEYN
SKOOLHOOF
2025-01-13

nms MEV. LIZE GERBER
VOORSITTER VAN BEHEERLIGGAAM